*Lourens M. du Plessis*

# MENSEREGTE EN KONFLIKSITUASIES

## 1. Inleiding

'n Regtelose mens is – net soos 'n verhoudinglose of 'n gemeenskaplose mens – feitelik onbestaanbaar of, om dit meer positief te stel, die mens as individu is noodsaaklikerwys 'n reghebbende wese in gemeenskap met andere. Vanselfsprekend verkondig hierdie tweeledig geformuleerde stelling nie die volle waarheid insake die mens nie: Die mens is immers ook individu (of enkeling) met 'n eiesoortige, individuele verantwoordelikheid wat hy nie op andere kan afskuif nie of, andersins, 'n unieke, eenmalige reghebbendheid wat andere nie met hom kan deel nie. Voorts is elke mens deur God geskape as koningskind – is hy of sy 'n gesagsdraer of volmaghouer in eie reg wat aan sy of haar Skepper en Verlosser verantwoording verskuldig is oor hoedat hy/sy sy/haar toerusting as kroon van die skepping gebruik. Vir 'n sinvolle bespreking van die tans ter sake onderwerp, is die reghebbendheid van die mens-in-gemeenskap egter èn 'n invalspoort èn 'n fokuspunt.

Die stelling wat inleidinggewys gemaak is, bestaan uit twee komponente wat na my mening gelyktydig steek hou, mekaar tewens aanvul en bygevolg nie van mekaar geïsoleer mag word nie:

(i) Die mens is 'n reghebbende wese en

(ii) hy is dit in sy verhouding tot, of liewer, in gemeenskap met sy medemens(e).

Dit sal die bespreking vergemaklik indien – uit sistematiese oorwegings – hierdie twee samestellende komponente van die aanvanklike stelling (beginnende by (1) afsonderlik bekyk[1]) word en daarná (kyk 3 hieronder) gevra word aan welke vereistes 'n ideale, „konflik-akkommoderende" of „nivellerende" samelewingsorde *qua* regsorde behoort te voldoen.

Om die bespreking finaliter èn kant èn wal te laat raak, sal illustrasiegewys na konkrete voorbeelde in verband met drie menslike samelewings-

1) Kyk 2 en 3 (onderskeidelik) hieronder: 2 korreleer met (ii) en 3 met (i).

instellings verwys word. Hierdie drie instellings is die staat, die universiteit/kollege (met toespitsing op die studenteraad) en die gesin. Daar is natuurlik 'n veelheid ander menslike samelewingsinstellings wat ook as voorbeelde betrek sou kon word: die huwelik, die kerk (ten minste dan as instituut), die skool, die bedryf (of handelsmaatskappy), die sportklub, die kultuurorganisasie ensovoorts.

Elke samelewingsinstelling het 'n eie aard en unieke struktuur wat rigtinggewend deur die doel of oogmerke wat daardie instelling wil verwesenlik, bepaal word. Die staat se aard en struktuur word deur die feit dat dit op die handhawing van 'n openbare regsorde binne 'n bepaalde (gewoonlik grond-) gebied bedag is, bepaal. 'n Studenteraad is bestem om die studentelewe in 'n akademiese gemeenskap te organiseer en te bevorder. 'n Gesin is 'n liefdesgemeenskap tussen ouers en kinders met die oog op die liefdevolle sorg vir mekaar en opvoeding van sy lede onderling. In elke samelewingsinstelling – met die uitsondering miskien van losser assosiasies soos die vriendekring of die volk – is daar owerhede of leiers wat met 'n „sterk of leidende hand" die sake van daardie instelling reël, organiseer of orden. Die uitoefening van hierdie organisatoriese gesag is op die verwesenliking van die doel of oogmerke van die betrokke instelling gerig – en word rigtinggewend daardeur bepaal. Die owerheidspersoon/-persone of instansies in 'n samelewingsinstelling opereer met en ontleen hulle bevoegdhede aan regsgesag – net soos wat elke „onderdaan" in daardie samelewingsinstelling 'n reghebbende met die oog op sy plek, taak en rol/funksie in die geborgenheid van die eiesoortige samelewingstruktuur is. Hieroor in 2 en veral 3 hieronder meer.

### 2. Die mens as gemeenskapswese

Die mens is in beginsel 'n gemeenskaps- en 'n gemeenskapsoekende wese. Dit is selfs waar van 'n eensame skipbreukeling op 'n eiland soos die legendariese Robinson Crusoe. Afgesien van die feit dat elke mens lid van die „gemeenskap van die mensdom of mensheid" is – hieroor wil ek my nie al te uitvoerig uitlaat nie – kan selfs 'n skipbreukeling-in-isolasie steeds lid van 'n gesin, burger van 'n staat, eggenoot, lid van 'n volk ensovoorts wees. 'n Mens kan jou seker 'n situasie indink waar 'n mens se bande met alle gemeenskapsinstellings deurgesny is òf omdat sy lidmaatskap beëindig is òf omdat die betrokke instelling(s) waarvan hy lid was, tot niet gegaan het. Ek laat my egter nie oor hierdie hoogs uitsonderlike moontlikheid uit nie, aangesien dit met die oog op moontlike ***konflik*** nie ter sake is nie: Konflik kan slegs ontstaan waar mense sáámleef en mense wat saamleef, voeg hulle altyd in die orde van die een of ander samelewingsinstelling.

Die mens se gemeenskapsverbondenheid kan in een of meer van drie opsigte eensydig (en daarom té eng) geïnterpreteer word:
(i) Die mens is slegs mens as lid van 'n gemeenskap. Hierdie opvatting misken die mens se individualiteit en maak van hom 'n slaaf van gemeenskapsinstellings. Soos in 1 hierbo betoog, behou die mens te alle tye sy individualiteit en sy individuele verantwoordelikheid as kroon van die skepping.
(ii) „Die gemeenskap" is 'n amorfe grootheid wat alle individuele mense op 'n gegewe tyd en/of plek omvat. Eintlik is daar nie so iets soos „die gemeenskap" nie. 'n Gemeenskap is altyd 'n konkrete instelling – 'n besondere staat, universiteit, kollege, gesin, bedryf ensovoorts – en daar bestaan 'n verskeidenheid sodanige gemeenskappe. 'n Besondere mens kan tegelyk lid van meer as een gemeenskap wees: èn 'n burger van staat X èn 'n lid van studenteraad Y èn 'n kind van gesin Z.

Om van 'n mens as lid van „die gemeenskap" te praat, is tewens gevaarlik. Dit stel 'n mens feitlik sonder uitsondering voor die versoeking om slegs een van 'n veelheid (verskillende soorte) gemeenskappe as dié mees omvattende menslike samelewingsinstelling te erken. Soms word onder „die gemeenskap" byvoorbeeld slegs die staat verstaan. So gesien is 'n inwoner van Suid-Afrika lid van die „Suid-Afrikaanse gemeenskap" en is sy lidmaatskap van 'n studenteraad of 'n gesin ondergeskik aan sy staatsburgerskap en tewens slegs bedoel om die belange van die staat te bevorder. 'n Student (as lid van 'n akademiese gemeenskap) word deur die seekatarms van 'n totalitêre staat omklem – hy/sy is bloot 'n „goeie landburger(-es) -in-wording; ouers in 'n gesin rig ratjies in die staatsmasjien af – en waar hulle vermoëns tekort skiet, sal die skool, getroue dienaar van die staat, hand bysit; 'n mens behoort lidmaat van 'n kerk te wees omdat jy burger van 'n Christelike staat is, ensovoorts. Soms word die volk as die omvattende gemeenskap beskou en alle lewensuitinge word eensydig deur die dwangbuis van 'n absolute volkwees getregter: die staat (-owerheid) is „die volk met politieke mag", die universiteit, kollege en skool is „die volk-in-vorming", die gesin is „die volk om die huisaltaar", die kerk is „die volk-in-aanbidding" ensovoorts.

'n Eensydige gemeenskapsopvatting verslaaf die mens aan 'n afgod. Dit loën die ryke verskeidenheid van menswees in konkrete lewensituasies. Dit reduseer menslike vryheid tot 'n instrument in diens van menslike verslawing. Elke besondere soort gemeenskapsinstelling is 'n menslike samelewing-in-eie-reg, wat die ryke verskeidenheid van menswees – en die belewing en uitlewing daarvan – op 'n unieke wyse huisves. Geen menslike instelling is 'n ewige, bo-tydelike, immer wordend en nimmer voltooide, bo-individuele verband nie. Daarom – omdat hulle almal kom en gaan – is elke menslike instelling nie-absoluut. In wese beteken menslike vryheid dat jy die

ruimte het om die rykdom van jou roeping voor God konkreet te maak, om dit in gehoorsaamheid te beleef en uit te leef. En hierdie vryheidseis, in 'n gemeenskapsperspektief beskou (God roep immers ook die mens as mens-in-gemeenskap!), voorveronderstel die noodsaak aan die erkenning van 'n institusionele samelewingsverskeidenheid.

(iii) 'n Konkreet gegewe menslike instelling is bloot 'n versameling (die somtotaal van) individue. Hierdie skeefgetrokke siening misken die orde-element wat menslike samelewingsinstellings kenmerk. Enige menslike samelewingsinstelling bestaan uit individuele lede wat georganiseerd in die orde van die instelling ingevoeg is. 'n Staat is nie bloot burger a plus burger b plus burger c nie maar a, b en c met 'n eie plek, 'n eie status, in 'n orde wat met behulp van owerheidsgesag tot stand gebring is, in stand gehou, aangepas en gewysig word. 'n Universiteit/kollege is nie gelyk aan student d plus student 3 plus dosent f nie maar studente d en e en doset f, elk met 'n eie status en funksie, in 'n georganiseerde akademiese orde ingevoeg. 'n Gesin is nie dieselfde as vader g plus moeder h plus kind i nie maar vader g en moeder h en kind in die orde van 'n opvoedkundige, „vir-mekaar-sorgende" liefdesgemeenskap ingevoeg.

Soos in 1 hierbo reeds by voorbaat gesuggereer, word die besondere aard van die orde van 'n betrokke samelewingsinstelling deur sy doel of bestemming bepaal. In die konteks van hierdie doelgerigte orde het elke lid van 'n besondere gemeenskap 'n bepaalde status en daarom ook regte — menseregte! Menseregte mag nooit van die mens se „ingevoeg wees in 'n orde" losgemaak word nie. Die orde waarvan hier sprake is, is 'n orde in 'n dubbele of, liewer, tweërlei onderskeibare sin:

(a) 'n Doelsorde — die orde soos bepaal deur die doel wat die instelling trag te verwesenlik. 'n Studenteraad is byvoorbeeld, na sy doelsorde beskou, (funksioneel) op die organisasie en bevordering van die studentelewe in 'n akademiese gemeenskap bedag. 'n Mens kan bygevolg verwag dat die studenteraad hom op die een of ander wyse (gesaghebbend) met sekere fasette van die verenigingslewe op die kampus sal bemoei, en byvoorbeeld geldige reëls in verband met die vereistes sal neerlê waaraan, sê maar, 'n debatsvereniging behoort te voldoen, ten einde as 'n vereniging op die kampus te kan funksioneer. Dieselfde studenteraad kan egter nie geldige wetgewing, wat die funksionering van 'n politieke party op 'n sekere wyse magtig of verbied, aanneem nie. Net so kan die vader van 'n gesin 'n reël dat sy dogter teen elfuur saans tuis moet wees, neerlê. Hy het egter nie die bevoegdheid om die omvang van 'n koshuis se „sleeptye" te bepaal nie. Die grense waaraan die studenteraad en die vader se gesag gebonde is, moet mede in terme van (b) hieronder begryp word.

(b) 'n Basisorde (of 'n regsorde) wat die doelsorde organisatories-fundamenteel legitimeer („wettig maak") en bygevolg die gelding en geldigheid van die doelsorde, as orde-in-aksie, gesaghebbend-konstituerend wáár maak of verwesenlik. Dat 'n studenteraad hom organisatories met die studentelewe sal bemoei, is in terme sy besondere plek en funksie in 'n akademiese doelsorde te begryp. Die vraag of 'n besluit van studenteraad Y wat sekere voorskrifte insake die registrasie van 'n debatsvereniging neerlê, 'n gesaghebbende en/of geldige besluit is, is egter 'n regsvraag met verwysing na die basisorde in terme waarvan die betrokke studenteraad sy gesag uitoefen. Dat die vader van gesin Z sy kinders sal opvoed deur hulle onder andere te leer om saans betyds tuis te kom, is uit hoofde van die doelsorde van die gesin vanselfsprekend. Die reëls wat hy in hierdie verband neerlê is egter („basies-ordelike") regsreëls wat op sy regsbevoegdheid as vader van die gesin appelleer. Vanselfsprekend kan (a) en (b) mekaar nie ontbeer nie. (a) geld gesagvol op sterkte van (b) en (b) is inhoud- en rigtingloos sonder (a). By die staat val (a) en (b) oënskynlik enigermate saam: Die staat het (a) dit ten doel om 'n openbare regsorde binne 'n bepaalde gebied te handhaaf en (b) hy doen dit op sterkte van 'n juridiese basisorde. Tog is (a) en (b), selfs ten aansien van die staat, steeds onderskeibaar. Doelsordelik beskou, is dit waar *dat* die staat vir 'n regsorde sorg maar basies-ordelik doen hy dit op 'n sekere wyse — moet hy aan besliste *hòè*-eise voldoen. By losser assosiasies, soos 'n vriendekring of die volk, ontbreek die basisode, aangesien die lede van hierdie samelewingsinstellings nie op sterkte van regsgesag nie maar op 'n vrywillige wyse verantwoordelikheid vir en teenoor mekaar aanvaar. Die gesag wat die orde in hierdie gevalle daarstel en in stand hou, is bygevolg *etiese* gesag.

### 3. Menseregte

Die woordjie „menseregte" het nogal die neiging om mense se emosies aan die woel te sit. Sommige mense sê dat menseregte humanistiese onsin is. Die mens het geen regte nie — hy het hoogstens voorregte en ongetwyfeld verpligtinge. Op die ander uiterste van die emosionele spektrum is daar diegene wat beweer dat daar niks heiliger en meer onskendbaar as die mens se absolute reghebbendheid is nie. Die mens is 'n godjie, wat in beginsel geen versteuring van sy allerheilige outonomie durf duld nie.

Ek dink nie dat 'n nugtere menseregteteorie as die kompromieagtige goue middeweg tussen hierdie twee uiterstes behoort te figureer nie. Menseregte moet, met verwysing na die individueel verantwoordelike mens-in-gemeenskap se koninklike plek en status in die skepping, gekontekstueer word. Wat

word hiermee bedoel?

God roep elke mens as toerekenbaar verantwoordelike wese om 'n duiselingwekkend omvangryke taak as sy skepsel by uitnemendheid te vervul — die mens word in 'n veelkantige, unieke amp gestel. Om sy taak te kan vervul en om tereg 'n skepsel in 'n amp te kan wees, het die mens onder andere 'n bepaalde toerusting nodig en word hy bygevolg met 'n status van „toegerus wees" beklee. Menseregte is verskyningsvorms van hierdie status van die mens — hulle is „voorbeelde" van die uitlewing en belewing van menslike status-in-aksie. En dit is hierdie menslike status-in-aksie waarvoor daar, mede in die orde van menslike samelewingsinstellings, gesorg (moet) word: Die mens het 'n behoefte daaraan dat hy amptelik geborg sal word.

*Ampsgeborgenheid* is die wesenskenmerk van alle reg, en is dit waarop elke georganiseerde samelewingsinstelling basies-ordelik bedag is. Die mens, met 'n status, behoef normatiewe beskerming in 'n orde van „sorg vir" — 'n orde van geborgenheid. Status, orde en normatiewe beskerming is almal kenmerke van die reg wat regstreeks op ampsgeborgenheid infokus. Anders gestel: *Dié reg sluit regte van die mens* (status), regsreëls of -norme (normatiewe beskerming) en 'n wisselwerking tussen asmede 'n samehang van dié regte en dié reëls ('n regsorde) in. Dit behoort tans duidelik te wees dat menseregte nie in afsondering betrag behoort te word nie. Die feit dat a, b, en c as burgers van staat X menseregte het, verg juis 'n ordelike, normatiewe akkommodasie van hulle status — net soos wat die regsorde en regsnorme in die staat nie in die lug hang nie maar konkreet op die „sorg vir" 'n reghebbende a, b en c (onderskeidelik) toegespits is. D en e as studente en f as dosent aan 'n universiteit/kollege is reghebbendes wie se onderskeie statusse normatief — met behulp van „reëls en regulasies" — in en deur die basisorde van die universiteit/kollege („sorgend") geakkommodeer word. Les bes kan vader g en moeder h en kind i nie anders as op 'n normatief ordelike wyse hulle roeping tot „gesin wees" vervul nie.

Dit spreek vanself dat mensregte in die onderskeie institusionele kontekste hierbo genoem, van mekaar sal verskil. Basies-ordelik staan dit vas *dat* die regte van die staatsburger en die student/dosent en die gesinslid normatief-ordelike akkommodasie behoef. Die „rigting" en einddoel van hierdie akkommodasie is egter, ooreenkomstig die aard van 'n betrokke samelewingsinstelling, doelsordelik bepaald: in die staat gaan dit om die handhawing van 'n regsorde as sodanig, aan die universiteit/kollege om die beoefening van en opvoeding in die wetenskap en in die gesin om die opvoedkundig liefdevolle sorg vir mekaar.

Met die sonde in ons midde (en in ons harte), word die ordelike stand van sake soos hierbo beskryf, al te dikwels versteur. Daarom ontstaan daar kon-

flikte. A, b en c as staatsburgers wil méér hê as wat hulle toekom. D en e as studente, beloer mekaar met afguns – die een wil die ander (soos 'n roofdier) verslind... deur sy regte te vertrap. Dosent f het sy hande vol met sy studente – miskien omdat hulle hom nie heeltemal vertrou nie, want hy kán inderdaad hulle statusse minag. En is dit werklik nodig om vir mense met gesinsondervinding 'n volledige opgaaf van al die rusiemoontlikhede wat g, h en i se saamleef skep, te probeer gee?

Hierdie konflikte, die stryery, die lus om mekaar te verslind, moet uitgeskakel, moet genivelleer word: Die orde in al hierdie samelewingsinstellings moet op 'n normatiewe wyse herstel en in stand gehou word sodat die mens waarlik ampsgeborge reghebbende kan wees. Dít is die verantwoordelikheid van die owerhede van hierdie instellings – diegene wat met die taak van leidende sorg vir die onderskeie instellings beklee is. Hierdie verantwoordelike taak is in beginsel liefdesdiens, ofskoon in die praktyk – gedenk die sonde! – owerheidsgesag ongelukkig veelal misbruik word.

Met inagneming van alles wat tot dusver gesê is, is ten slotte by die kern van die bespreking aangeland. Hoe word konflik in menslike samelewingsinstellings ten beste genivelleer of uitgeskakel? Om 'n volledige konkordansie voorskrifte vir geskikte optrede van leiers in samelewingsinstellings – in elke moontlike konkrete situasie – op te stel, is net so ondienlik as wat dit onmoontlik is. Daarom bepaal ek die aandag slegs by die skepping van *moontlikhede* in hierdie verband. Die vraag is gewoon: Aan welke vereistes behoort die regsordelike inrigting van 'n samelewingsinstelling te voldoen ten einde konflikte in verband met sy lede se reghebbendheid op 'n gepaste wyse uit te skakel?

## 4. Die vereistes vir 'n konfliknivellerende orde

### *4.1 Inleidend*

Oor die perfek ideale regsorde, kan geen sondige mens hom gesaghebbend uitlaat nie. 'n Mens moet aanvaar dat, duskant die nuwe Jerusalem altans, so 'n orde nie kan bestaan nie. Dit verskoon egter geen mens en geen owerheid van die verantwoordelikheid om met die inrigting of daarstelling van regsordes die welwese van die lede van samelewingsinstellings so goed moontlik na te jaag en om hulle ampsgeborgenheid in 'n gebroke wêreld van konflikte soveel moontlik te verseker nie. Hierdie verantwoordelikheid getuig van 'n genadegawe van God: Hy het sy wêreld nie aan die genade van menslike wellus en grypsug oorgelaat nie maar die gesagvolle instelling van basisordes moontlik gemaak sodat mense in vrede met mekaar kan lewe.

„Kom ons hou... die regsorde as 'n bewys van die genade van God en waardeer dit na verdienste", sê Johannes Calvyn (1509-1564)[2] en vervolg dan: „... want ons sal ons as doodsvyande van die vrede en algemene welsyn betoon as ons nie die regsbedeling liefhet nie. En almal wat dít trag te verstoor en verderf, is soos struikrowers..."

Wat is dan – vir sover ons tans deur die dowwe spieël van ons verganklikheid, raaisels kan ontvou – die vereistes vir die daarstelling en instandhouding van goeie regsordes wat konflikte so goed moontlik kan „behartig"?

*4.2 'n Goeie regsorde geld op 'n duidelik omlynde en 'n seker wyse en is in beginsel kenbaar*

'n Ongebreidelde, ongetemperde en ongereguleerde of, liewer, onordelike handhawing en uitlewing van menseregte, is die onfeilbaarste resep vir òf institusionele chaos òf die ongenaakbare seëviering van die reg van die sterkere. In albei gevalle word menseregte geminag en vertrap. Indien egter van die lede – owerheidspersone en -instansies (kyk 4.3 hieronder) sowel as onderdane – van 'n samelewingsinstelling verwag word om hulle menseregte ordelik uit te leef en uit te oefen, geld as voorvereiste dat hulle hul met die weg van die regsorde op hoogte moet kan stel, en dat regsnorme met sekerheid moet geld en nie willekeurig geïnterpreteer of gewysig moet (kan) word nie.

Dikwels – as gevolg van die ontsaglike gekompliseerdheid van veral eietydse samelewingsinstellings – is dit onmoontlik om elke jota en titteltjie van die reg te ken. Hierdie stelling geld veral die staat. Gevolglik is dit dikwels noodsaaklik om die hulp van regsdeskundiges in te roep. Die gekompliseerdheid van 'n samelewingsinstelling bied egter geen afdoende verskoning om die lede van daardie instelling so goed moontlik teen kennis van die reg van die instelling te probeer vrywaar nie. Ten einde èn die lede van samelewingsinstellings van die inhoud van die reg van die instelling op hoogte te bring èn die nadelige onkundigheidsgevolge wat die gekompliseerdheid van eietydse instellings meebring, te probeer vermy, moet na my mening aan ten minste vier vereistes voldoen word:

4.2.1 Die prosedure waarvolgens nuwe regsnorme aangeneem word, moet bekend en geyk wees en moet vir die bekendstelling of publikasie van die

2) *Semons sur le Deuteronome* 16 18-9.

norme wat aangeneem is, voorsiening maak. Hierdie vereiste spreek vir sigself en ek brei nie verder daarop uit nie.

4.2.2 Die stelreël *ignorantia ioris non excusat* („onkunde aangaande die reg is geen verskoning nie") mag nie absoluut geïnterpreteer word nie: Hierdie reël behoort slegs toegepas te word indien aan 4.2.1 op só 'n wyse voldoen is, dat diegene op wie regsnorme van toepassing is, redelikerwys die geleentheid gehad het om hulle van die inhoud van daardie regsnorme op hoogte te stel.

4.2.3 Daar moet te alle tye vrye toegang tot diegene wat op hoogte met die inhoud en implikasies van bepalings van die reg kan/behoort te wees, bestaan. Om byvoorbeeld 'n regsverteenwoordiger te kan raadpleeg, is – prinsipieel gesproke – elke onderdaan se reg en nie bloot 'n toegewing of 'n voorreg nie.

4.2.4 Enige regsorde moet op duidelik vasstelbare grondnorme berus en hierdie grondnorme moet die gees, rigting en tradisie van die instelling voldoende weerspieël. Dit is die sekerste en mees „spontane" manier om aan regsonderdane die (betekenis van die) gang van die reg en regsorde in menslike samelewingsinstellings te „verduidelik" en by hulle 'n respek vir die instelling self en vir die weg van die reg te kweek. Sonder om oor 'n tegniese kennis van die reg te beskik, weet elke staatsburger in Suid-Afrika byvoorbeeld:

(i) dat hy, indien hy 'n saak vir beoordeling of beregting aan 'n staatlike owerheidsinstansie voorlê, die reg het om sy kant van die saak te stel – *audi et alterem partem* bepaal 'n grondnorm van die prosesreg;

(ii) dat hy – ooreenkomstig die strafregtelike grondnorm *nulla poena sine culpa* – nie 'n misdaad pleeg indien hy nie opsetlik of nalatig handel nie; en

(iii) dat ongeoorloofde ooreenkomste – soos byvoorbeeld 'n kontrak vir die koop van dagga – regtens onafdwingbaar is – dit op sterkte van die privaatregtelike grondnorm, *ex turpi causa non oritur actio.*

In sommige state, byvoorbeeld die VSA, word hierdie grondnorme in die grondwet opgeteken en verskans en dit bevorder natuurlik regsekerheid. By andere vorm hulle gewoon deel van die regserfenis en -tradisie (die sogenaamde gemene reg) maar geld nie daarom noodwendig minder kragtig en minder reëel nie.

Dit is sterk aan te beveel dat 'n organisasie soos 'n studenteraad – as gevolg van die relatief snelle verwisseling van die lede van 'n studentegemeenskap die juridiese grondnorme waarvolgens hy opereer, liefs in 'n formele dokument soos sy grondwet sal opteken. By 'n gesin weer, waar regsgesag op 'n meer informele wyse tot uiting kom, is so 'n optekening merendeels oorbodig.

*4.3 'n Konfliknivellerende regsorde is 'n legaliteitsorde, dit wil sê .n orde wat die owerheid sowel as die onderdane se gebondenheid aan die „weg van die reg" voldoende èn voorsien èn moontlik maak*

Optrede in lyn met die reg en langs die weë of kanale wat 'n regsorde voorsien, het die vloeiende gang van die regsverkeer tot gevolg en voorkom by voorbaat heelwat konflik(te). Om dit platweg te stel: „Wetsgehoorsaamheid" is die beste waarborg vir die beskerming van menseregte en vir sowel die vermyding as die beregting van konflikte (kyk ook 4.7 hieronder). 'n Ander naam vir die konsekwente en eerbiedige bewandeling van die weg van die reg, is *legaliteit.* Vir die handhawing en uitbouing van 'n legaliteitsorde geld hoofsaaklik twee vereistes:

4.3.1 Die regsorde *qua* legaliteitsorde in 'n samelewingsinstelling moet gehoorsaamheid waardig wees: 'n Mens kan nie van 'n onderdaan wetsgehoorsaamheid verg bloot ten einde hom effektief aan 'n „orde" van dwingelandy en onreg te verkneg nie. Die heel laaste rede waarom reëls gehoorsaam behoort te word, is bloot omdat hulle reëls is. 'n Staatsowerheid behoort hom te kan verantwoord oor die vraag of die regsorde wat hy in stand hou en by geleentheid selfs afdwing, 'n gepaste orde is om vir die ampsgeborge welwese van die burgers in die staat se jurisdiksiegebied, met die inagneming van plek- en tydsgebonde „eie omstandighede", voorsiening te maak. 'n Studenteraad kan hom tereg beroep op bevoegdhede wat hy – ingevolge die juridiese basisorde op sterkte waarvan hy opereer – geniet, (slegs) vir sover sy besluite en die reëls wat hy neerlê, die ampsgeborgenheid van studente in die akademiese gemeenskap ten doel het. Les bes behoort die reëls wat ouers in 'n gesin neerlê, nie bloot bedoel te wees om hulle eie ego te streel of om hulle magswellustige grille en giere van diens te wees nie: Dit moet die welsyn en belange van al die lede van die opvoedkundige liefdesgemeenskap voor oë stel. Besware teen die stand van sake in 'n regsorde, moet voorts – soos in 4.6 hieronder betoog sal word – ordelik geopper kan word.

4.3.2 Die owerhede in samelewingsinstellings moet ook aan die reg gebonde wees. 'n Ou spreekwoord bewys hier sy geldigheid: Woorde wek, voorbeelde trek. 'n Wettelose tiran kan nie van sy onderdane verwag om dié regsorde wat hy self verontagsaam, te eerbiedig nie: Owerheidspersone is – al is hulle leiers – self sondige mense en die versoeking tot magsmisbruik is daarom altyd dreigend. 'n Owerheid wat derhalwe nie bereid is om homself deur die reg te laat kontroleer nie, probeer die moontlikheid dat hy self „'n fout kan maak", misken.

*4.4 'n Konfliknivellerende orde is 'n gelykheidsorde*

'n Regsorde wat diskriminasie wettig – wat dit met ander woorde moontlik maak dat a slegter of beter behandel word as wat b *onder dieselfde omstandighede* behandel sou word – voorkom nie konflik(te) of stryk dit nie uit nie, maar skep dit eerder. Omdat a en b, as mense, egter nie presies aan mekaar gelyk is nie, kan daar wel op 'n geregverdigde wyse tussen hulle gediffirensieer word: a-in-situasie mag, met die oog op die tref van regsreëlings, met b-in-situasie vergelyk word – dit is wat ware gelykheid beteken. Indien die verskille tussen a en b, met die oog op die oogmerke wat 'n regsreëling trag te bereik, nie ter sake is nie, mag die betrokke regsreëling nie vir a anders behandel as vir b nie. Enkele voorbeelde sal toelig wat ek probeer sê.

Die staatsowerheid tref regsreëling in verband met die minimum ouderdom waarop 'n huwelik gesluit kan word mede om die ampsgeborgenheid van huwelikspartye binne die jurisdiksiegebied van die staat, in ooreenstemming met die aard van die huwelik, te verseker. A is 'n meisie van agt jaar en b 'n volwasse vrou van een-en-twintig. Volgens die staatlike reg kan b 'n regsgeldige huwelik sluit, maar a nie. Die reg het, met die oog op huweliksluiting, tussen a en b gedifferensieer maar dit, in ag genome die eie-aard van die huwelik, tereg: A is emosioneel en fisies nie opgewasse vir 'n huwelik nie. Sou a self egter ook 'n volwasse vrou van een-en-twintig wees, behoort die reg haar in beginsel toe te laat om, net soos b, 'n geldige huwelik te sluit, want anders word teen haar gediskrimineer.

'n Studenteraad kan in beginsel – met inagneming van die gelykheidsvereiste – tereg in sy grondwet of huishoudelike reglement 'n reël neerlê dat eerstejaarstudente nie lede van die studenteraad mag wees nie, die argument synde dat van lede van die raad 'n grondige kennis van die studentelewe vereis word. Indien d en e egter albei derdejaarstudente is en d byvoorbeeld bloot op grond van sy partypolitieke affiliasies nie as lid van die studenteraad aanvaar word nie, terwyl e wel as lid mag dien, word op 'n ongeregverdigde wyse en op nie-tersaaklike gronde teen d gediskrimineer.

Oor die Salomoagtige wysheid wat 'n ouer nodig het om sy kinders almal èn gelyk te behandel èn tog aan die eiesoortige geaardhede van elkeen reg te laat geskied, kan boekdele geskryf word. Elke gesinslid wéét welke konflikte werklike of vermeende diskriminasie in gesinsverband skep en – aan die ander kant – welke voordele die gesonde toepassing van 'n behoorlik differensiërende gelykheidsprinsipe vir gesinsgeluk kan inhou.

*4.5 'n Konfliknivellerende regsorde is 'n buigsame orde wat vir die akkommodasie van die eiesoortige belange van elkeen van sy lede voorsiening probeer maak*

Anders gestel beteken dit dat 'n regsorde wat konflikte ten aansien van menseregte ten beste kan akkommodeer, 'n *billike* orde is. Owerheidspersone probeer dikwels hulle eie onvermoë verberg deur agter „reëls" weg te kruip sonder om die meriete van 'n besondere geval in aanmerking te neem: „Jammer meneer, die reël bepaal nou maar eenmaal sus of so en ons kan nie vir jou 'n uitsondering maak nie". Dit is natuurlik so dat reëls nie bestaan om omseil of verbreek te word nie maar dit is ewe waar dat 'n reël, wat uiteraard algemeen geformuleer is, nie altyd vir die omstandighede van elke moontlike konkrete geval op 'n gepaste wyse voorsiening maak nie. Dit is byvoorbeeld 'n oortreding om 'n motorvoertuig teen 'n snelheid van meer as 60 kilometer per uur in 'n beboude gebied te bestuur. Sou a egter, onderweg na die hospitaal en met 'n swanger b — wat op die punt staan om lewe te skenk — by hom in sy motorvoertuig, teen 90 kilometer per uur om 04h00 in die oggend na die hospitaal toe jaag, behoort hy van die werking van die algemene reël vrygestel te kan word. 'n Studenteraad kan vereis dat alle studente wat vir die eerste keer by 'n universiteit/kollege inskryf, 'n bepaalde oriënteringsprogram ten aansien van die studentelewe moet deurloop. Dit is egter 'n vraag of dit billik sal wees om hierdie reël ook op d, 'n dertigjarige student wat voorheen reeds by 'n ander inrigting ingeskryf was, af te dwing. Ouers g en h kan van hulle kind i verg dat hy/sy om elfuur saans tuis moet wees maar dit is onbillik om hierdie reël te probeer afdwing in gevalle waar 'n oponthoud — soos 'n motorvoertuig wat onklaar geraak het — veroorsaak het dat i eers teen 22h45 by die huis opdaag.

Owerheidspersone is gewoonlik bang om uitsonderings op reëls te maak omdat, so meen hulle, die uitsondering dalk die reël kan word — en dit wil hulle nie hê nie. Hierdie vrees is egter ongegrond indien daar sekerheid ten aansien van die aard en doel van 'n besondere regsorde bestaan. Indien 'n mens weet wat die oogmerke is wat met reëls bereik moet word, sal jy ook weet hoe om uitsonderings te maak sonder om die „normale" gang van die orde te versteur en hoe om gevolglik toe te sien dat uitsonderings werklik *uitsonderings* — op sterkte van die meriete van 'n besondere, konkrete geval bly.

### *4.6 Ten einde konflik te vermy, moet 'n regsorde vir („kanale" vir) ordelike verset en/of protes voorsiening maak*

Van nature hou geen mens seker daarvan om gekritiseer te word nie: Owerheidspersone is dikwels oormatig gevoelig vir kritiek en enige vorm van verset of protes word daarom – heel agterdogtig – as iets negatief of gevaarlik of revolusionêr bejeen. Dat ongebreidelde, geweldadige verset 'n samelewingsorde kan bedreig, is natuurlik waar. Enige mens wat egter probeer voorgee dat hyself en sy optrede bo kritiek verhewe is, is met die blindheid van èn 'n gebrek aan sondebesef èn matelose onvolwassenheid geslaan. Daarom is 'n wyse leier en regeerder iemand wat kritiek kan verduur en wat met die inrigting van die samelewingsorde waarvoor hy verantwoordelik is, voldoende „kanale" skep sodat die kritiek van sy onderdane gehoor en geweeg kan word.

Om hierdie rede bestaan daar byvoorbeeld middele soos 'n stembus en 'n vrye pers as kanale waardeur en waarlangs staatsburgers hulle wense en begeertes en kritiek kenbaar kan maak. Om dieselfde rede reël studenterade massavergaderings, waartydens studente hulle standpunte kan stel, en is gesonde en gereelde kontak en gesprekke tussen ouer en kind 'n voorwaarde vir 'n gesonde gesinslewe.

### *4.7 'n Gesonde en suksesvolle regsorde moet vir die ordelike en objektiewe beregting van geskille – verkieslik deur 'n gesaginstansie wat nie self by die geskil betrokke is nie – voorsiening maak*

Enige staatsburger behoort te weet dat hy hom vir die beregting van geskille met 'n medeburger of met die staatsowerheid op die hof kan beroep. Hierdie bewussyn dra veelal tot die ampsgeborgenheid van 'n reghebbende mens in staatsverband by. Die burger se sekerheid dat nie die naakte reg van die sterkere nie maar die reg van die regsorde – wat almal gelyk (kyk 4.4 hierbo) behandel – by die beslegting van sy geskille met andere die deurslag gee, is in beginsel 'n stewige waarborg vir die bestendiging van die staat. Dit dra voorts daartoe by dat – omdat die burger die vrymoedigheid het om sy geskille aan die lig te bring – geskille ontdek of opgespoor en uiteindelik, op 'n ordelike wyse, uitgeskakel kan word. Daarom behoort enige inbreuk op die reg van die burger om hom op die hof te kan beroep, met die uiterste omsigtigheid gehanteer – en in die reël liefs vermy – te word.

Konflikte en geskille in nie-staatlike samelewingsinstellings beland dikwels in die hof. Tog is dit verkieslik dat die owerhede in en lede van sulke instellings self weë en middele sal skep om vir die beregting van hierdie ver-

skille voorsiening te maak, want op die tydstip as 'n buite-instansie se hulp ingeroep word, is die skade gewoonlik reeds gedoen. Dit is te betreur dat in nie-staatlike samelewingsinstellings die regterlike aspek van „goeie regering" so dikwels afgeskeep en verwaarloos word. Studenterade weet dikwels nie hoe om geskille te hanteer nie en handel meesal — by gebrek aan voldoende prosedures — „bloot op gevoel". Universiteite en kolleges het gewoonlik tugkomitees — wat geskille van 'n ernstiger aard besleg — maar die gebrek aan „eie howe" wat deur relatief objektiewe „skeidsregters" beman word, is gewoonlik taamlik opvallend en té veel geskille wat huishoudelik uitgestryk kon gewees het, word — by gebrek aan afdoende kanale — aan die groot klok van òf die staatlike hof òf — erger nog — die openbare pers opgehang. Ofskoon die regterlike funksie in gesinsverband op 'n heel informele wyse uitgeoefen kan word, weet die verstandige ouer maar al te goed dat konsekwentheid en objektiwiteit by die beslegting van geskille meesal die gewenste vrugte afwerp.

*4.8 'n Konfliknivellerende regsorde eerbiedig die eiesoortigheid van die onderskeie fasette van menswees*

Dit beteken gewoon dat die regsorde van 'n samelewingsinstelling nooit as 'n instrument, wat op die ganse menswees van sy lede beslag probeer lê, mag poseer nie: Die individualiteit van elke regsonderdaan asmede sy lidmaatskap van ander samelewingsinstellings, moet erken en eerbiedig word. Staatsburger a mag nie maar net as 'n „goeie landsburger" gesien en behandel word nie. Hy is immers ook 'n unieke mens-in-situasie met 'n individuele roeping en verantwoordelikheid wat iets meer en iets anders as sy staatsburgerskap is. Net so is staatlike regsvoorskrifte wat vir burger b probeer voorskryf hoe om 'n „goeie" studenteraadslid te wees of vir vader c dwangmatig in die fynere kunsies van gesinshoofskap probeer onderrig, totalitêr en absolutisties en daarom konflikgenererend — en nie -nivillerend nie. Gehoorsaamheid aan hierdie vereiste word wel enigermate deur terreinoorvleueling gekompliseer, maar dit doen geen afbreuk aan òf die gelding òf die geldigheid van die gestelde beginsel nie.

## 5. Slot

„Dwarsdeur die wêreld is daar 'n geroep om geregtigheid. Alle lyding is bitter, maar onregverdige lyding is dubbel bitter", sê die teoloog, Emil Brunner (1943:3), en hy betoog dan dat ons twintigste eeu by uitstek die eeu van onreg is. Brunner se oordeel oor ons „verligte" tyd, is nie heeltemal onvan-

pas nie, en dit hou veral steek ten opsigte van die tallose pogings van ons en ons verligte tydgenote om menseregte, regsordelikheid en juridiese normatiwiteit van mekaar te probeer losskeur.

Ons staan hier voor 'n situasie wat nie bloot met die hulp van staatkundige regeerders van die dag opgelos kan word nie: Elkeen van ons moet by onsself begin en ons individuele sowel as groepsverantwoordelikheid rég besef. Boweal moet ons in elke samelewingsinstelling waarin ons ons bevind — veral ook dié waarin ons relatief maklik „gehoor" word — ons vir die daarstelling van die regte orde beywer. Hierdie uitdaging mag dalk 'n merkteken van die dag van kleine dinge wees, maar selfs aan die begin van die dekade 80 van 'n verloopte eeu, is die dag van kleine dinge nie te verag nie.

**GERAADPLEEGDE WERK**

BRUNNER, H.E. 1943. Gerechtigkeit. Zürich, Zwingli.

**